

DISSIPELSKAP. SUPPLEMENT 8

[GOD]

DIE AARD VAN GOD EN DIE SEUN VAN GOD

Hierdie bylae help mense om die aard (wesenslike eienskappe) van God en die Seun van God te verstaan.
Lees die Bybelgedeeltes in hakies.

Christene glo in die God wat Homself in die Bybel geopenbaar het en nie in enige ander “god” nie. Christene glo in ÉÉN GOD, d.w.s. in Één Goddelijke Wese (Deuteronomium 6:4) wat Homself aan mense geopenbaar het. God het Hom nie afsydig gehou van sy skepping of van die geskiedenis van sy skepsels op die aarde nie. Hy het Homself geopenbaar en uitgedruk in sy skepping (bv. Romeine 1:19-20) en betrokke geraak (geskiedenis gemaak) in die menslike geskiedenis (bv. Jesaja 14:24-27)!

1. Die aard (wese) van God is ondeurgrondelik (onverstaanbaar).

Die God wat Homself in die Bybel geopenbaar het, is oneindig vër verhewe bo alles en alle mense. Hy is soewerein en majestueus. Hy is Gees (nie ‘vlees’ soos mense nie) en in sy bestaanswyse is Hy alomteenwoordig, alwetend en almagtig.

(1) Die God van die Bybel is ondeurgrondelik en daarom onbeskryflik.

Die God wat Homself in die Bybel geopenbaar het, is ondeurgrondelik (Job 11:7-8a; 1 Timoteus 6:15-16). Geen godsdiens, filosofie of wetenskap kan ’n definisie van God gee nie en dus ook nie sy wese beskryf nie. Sonder God se Selfopenbaring kan mense nie eers weet dat God bestaan nie. En as hulle wel glo dat God bestaan, kan hulle Hom nie beskryf nie.

Maar God wil dat sy skepsels weet wie Hy is. Daarom het God Homself geopenbaar. Maar mense kan God alleen ken in die mate wat Hy Homself geopenbaar het: eerstens in die schepping¹, tweedens deur die profete en apostels van die Bybel en ten slotte deur Jesus Christus². Sonder God se Selfopenbaring bly sy wese vir die mens ’n misterie. Ons kan alleen oor God praat op grond van wat Hy oor Homself sê in die Bybel.

(2) Die God van die Bybel is Gees en daarom onsigbaar.

Die God wat Homself in die Bybel geopenbaar het, is ‘Gees’ (Johannes 4:24). Gewone mense kan God nie met hul oë sien nie (Johannes 1:18).

Maar God wil dat sy skepsels kan sien wat vir soort wese Hy is. Daarom het Hy Homself geopenbaar. Sonder om sy goddelike natuur neer te lê, het Hy die menslike natuur daarby aangeneem en het Hy sy eie skepping en die menslike geskiedenis deur Jesus Christus binnegetree (Johannes 1:1,14,18). Jesus Christus is die sigbare Beeld van die onsigbare God (Kolossense 1:15). “In Hom is die volle wese van God beliggaam” (Kolossense 1:19; Kolossense 2:9). Daarom kan Jesus ook sê, “Wie My sien, sien die Vader” (Johannes 14:9).

(3) Die God van die Bybel leef in ’n ontoeganklike lig en is daarom ontoeganklik.

Die God wat Homself in die Bybel geopenbaar het, is ontoeganklik (1 Timoteus 6:16). Geen mens kan op sy eie krag/manier naby God kom nie. Geen mens kan met sy eie krag en wysheid by God uitkom nie. Geen mens kan met een of ander trap na God toe opklim, byvoorbeeld, deur die Wet te hou of deur goeie werke te doen of deur een of ander godsdiens te beoefen.

Maar God wil hê dat sy skepsels ’n persoonlike verhouding met Hom kry. Daarom kom Hy na die mense toe! Mense kan nie ’n verhouding met God kry deur na die hemel op te klim nie, maar wel omdat God in Jesus Christus uit die hemel neergedaal het na die mense toe en vandag in sy Gees by mense aanwesig is.

2. God het Homself geopenbaar en uitgedruk op ’n manier dat mense Hom kan ken.

Alhoewel die wese van God ondeurgrondelik is, het God Homself geopenbaar en uitgedruk op ’n manier wat mense Hom kan ken.

- **God die Vader** is die eerste en grondliggende bestaanswyse en dus openbaringswyse van die Goddelijke Wese, die Basis vir die ander twee bestaanswyses en dus openbaringswyses van God en die Oorsprong (Skepper) van alle andere dinge en mense.
- **God die Seun** is die tweede bestaanswyse en dus openbaringswyse van die Goddelijke Wese waardeur God na mense op die aarde gekom het en met hulle praat en omgaan.
- En **God die Gees** is die derde bestaanswyse en dus openbaringswyse van die Goddelijke Wese waardeur God in Christene woon en die voltooiende verlossingswerk van Jesus Christus in hulle lewe toepas.

¹ Dit word ‘die algemene openbaring’ genoem.

² Dit word ‘die besonder openbaring’ genoem.

(1) God het Homself geopenbaar en uitgedruk in DIE SKEPPING.

God het sy Goddelijke Wese (veral sy bestaan en ewige krag en ordelijkheid) in die skepping geopenbaar (Psalm 19:1-7; Romeine 1:19-20). Hy het selfs sy aanwesigheid geopenbaar in 'n vuurvlam binne in 'n doringbos en in die Engel van die Here (Eksodus 3:2-4; Eksodus 19:18; Deuteronomium 4:12,24). As Skepper van mense uit die elemente van die aarde en as die Een wat met sy skepsels omgaan, openbaar God Homself as 'Vader' (Jesaja 64:7). Die woord "Vader" is hoegenaamd nie biologies bedoel nie, maar is 'n metafoor ('n figuurlike uitdrukking) vir "Skepper, Oorsprong en Bron" van alles wat bestaan.

Die skepping openbaar die bestaan (werklikheid, aanwesigheid, mag, skoonheid en ordelijkheid) van die Goddelijke Wese as Vader. God as Vader (Skepper) is die grondliggende wese en eerste bestaanswyse en dus eerste openbaringswyse van die Goddelike Wese.

(2) God het Homself geopenbaar in DIE HART VAN DIE MENS.

God het Homself aan die mens geopenbaar as 'n God wat onreg haat en geregtigheid liefhet deur sommige van sy morele wette op die hart van elkeen van sy skepsels te skrywe en elke mens 'n gewete te gee om hom te beskuldig of vry te spreek (Romeine 2:14-15; Jesaja 5:20).

Die hart van die mens openbaar die feit dat God morele standaarde het.

(3) God het Homself geopenbaar en uitgedruk IN WOORDE (deur met 'n stem te praat).

God het nie maar 'n engel gestuur om met 'n profeet te praat nie, maar het Self hoorbaar gespreek tot die profeet Moses (Eksodus 3:4-6; Eksodus 19:19; Numeri 7:89), tot die gemeente van Israel (Deuteronomium 4:12,32-36; Deuteronomium 5:22-26), tot die profeet Elia (1 Konings 19:11-12), tot die profeet en voorloper Johannes die Doper (Matteus 3:13-17) en tot drie dissipels van Jesus Christus (Matteüs 17:5). God het in die menslike geskiedenis baie keer en op baie maniere met ons voorvaders gepraat deur die profete in die Ou-Testamentiese periode, maar nou in hierdie laaste dae van die Nuwe-Testamentiese periode het Hy met ons gepraat deur die Seun, Jesus Christus (Hebreeërs 1:1-2). Die woorde van God staan opgeteken in DIE BYBEL (2 Timoteus 3:16). Mense kan alleen deur hierdie woorde lewe (Matteus 4:4)!

Die woorde in die Bybel openbaar die gedagtes, plan en wil van God.

(4) God het Homself geopenbaar en uitgedruk in DADE.

God tree op in sy skepping en in die menslike geskiedenis deur magtige dae, tekens en wonders (Deuteronomium 4:34). Wanneer God optree, kan niemand sy dae ongedaan maak nie (Jesaja 43:13)! Nie alleen die woorde van God nie, maar ook sy dae staan in DIE BYBEL opgeteken.

Die dae in die Bybel openbaar God se verlossing en oordeel.

(5) God het Homself geopenbaar en uitgedruk in VERANDERDE LEWENS.

God se woorde en dae, soos dit in die Bybel geopenbaar word, verander die lewens van mense wat in hierdie woorde en dae van God glo. Byvoorbeeld, voordat Paulus 'n Christen geword het, het hy Christene gehaat en vervolg. Maar toe Jesus Christus aan Hom verskyn het, het sy hart en lewe heeltemal verander. Sy sonde is toe vergewe en hy het die nuwe lewe begin lei. Wie het so 'n groot verandering in die lewe van Paulus teweeggebring? Paulus getuig dat dit Jesus Christus was (1 Timoteus 1:15-16). Miljoene Christene vandag getuig hoe Jesus Christus hul lewens verander het. Agter hierdie ware Christene staan die ware God. Hy verander lewens en doen dit nog steeds vandag. As jy na die veranderde lewens van hierdie Christene kyk en hulle getuienisse hoor, kan ook jy die God wat lewens verander leer ken.

Die veranderde lewens van Christene openbaar die reddende doel van God.

(6) God het Homself geopenbaar en uitgedruk in DIE WOORD, JESUS CHRISTUS.

God is Gees (Johannes 4:24) en daarom onsigbaar. Tog het God Homself sigbaar geopenbaar en uitgedruk in die Woord wat 'n menslike liggaam in Jesus Christus aangeneem het. Sonder om sy goddelike natuur neer te lê, het God die menslike natuur daarby aangeneem en het hy deur Jesus Christus sy eie skepping en die menslike geskiedenis binnegetree (Lukas 1:26-37; Johannes 1:1,14,18; Filippense 2:5-8; Kolossense 1:15,19; Kolossense 2:9). Dit was nie die mens, Jesus Christus, wat God geword het nie, maar die Enige en Ware God wat in Jesus Christus ook 'n mens geword het (d.w.s. die menslike natuur aangeneem het) (Johannes 1:1,14)! Jesus Christus "straal die heerlijkheid van God uit" (Hebreeërs 1:3a). Hy is die sigbare openbaring van die Goddelijke Wese en sy goddelike attribute (eienskappe, kenmerke). Jesus Christus "is die Afdruk of Ewebeeld van die wese van God" (Hebreeërs 1:3b). Hy is die sigbare uitdrukking van God se onsigbare wese. Daarom kon Jesus Christus ook sê, "Wie My sien, sien die Vader" (Johannes 14:9).

Jesus Christus het die Goddelijke Wese (persoonlikheid, karakter, woorde en dae) van God sigbaar in die menslike geskiedenis geopenbaar. Jesus Christus is die tweede bestaanswyse en dus die tweede openbaringswyse van die Goddelike Wese.

Sommige mense sê dat God nooit in 'n menslike liggaam bestaan het of kan bestaan nie. Maar die Ou Testament sê al 3500 jaar gelede, "Die Engel van die Here verskyn aan hom (Moses) in 'n vlam binne-in 'n doringbos" ... Die HERE (God) roep na hom uit die doringbos: "Moses! Moses!" ... en stel Homself voor, "Ek is die God van jou voorvaders, die

God van Abraham, die God van Isak, die God van Jakob” (Eksodus 3:2-6). As God in ’n vuurvlam in ’n brandende doringbos kan bestaan, kan Hy ook in ’n menslike liggaam bestaan!

(7) God het Homself geopenbaar in DIE HEILIGE GEES.

“Die Gees van God”, “die Gees van Jesus Christus” of “Christus in julle” is die Heilige Gees (Romeine 8:9-10). Na sy hemelvaart en troonsbestyging in die hemel (’n dimensie bo die driedimensionele empiriese skepping) het Jesus Christus as die Heilige Gees teruggekeer om in die harte en lewens van Christene op die aarde te woon en te werk (Johannes 16:8-10). As Gees woon Hy in die ligame van Christene (1 Korintiërs 6:19-20) en ook in die christelike Gemeente (Kerk)(Efesiërs 2:22).

Die Heilige Gees openbaar die magtige aanwesigheid van God in die lewens van Christene en die christelike Gemeente. Die Heilige Gees is die derde bestaanswyse en dus die derde openbaringswyse van die Goddelike Wese.

3. Die uitdrukking “seun” in die Bybel.

Die uitdrukking “Seun van God”, soos dit in die Bybel gebruik word, is hoegenaamd geen biologiese aanduiding nie, maar ’n metafoer (’n figuurlike uitdrukking) wat ons nie verkeerd moet verstaan nie.

Die Bybel spreek oor drie soorte “seuns” en hulle moet goed van mekaar onderskei word:

- ’n biologiese seun
 - ’n simboliese of geestelike seun
 - ’n metafisiese of ontologiese seun
-

4. Jesus Christus is NIE die biologiese seun van God nie.

A. Christene as biologiese seuns.

Die uitdrukking “seun” in die Bybel verwys soms na ’n biologiese afkoms: ’n biologiese seun. Johannes 3:6 sê, “Wat uit die mens (letterlik: vlees) gebore is, is mens (letterlik: vlees)”. By mense word kinders gebore uit ’n menslike vader en ’n menslike moeder. Die feit dat hulle ’n mens (’n seun of ’n dogter) is, *het ’n begin in die menslike geskiedenis* toe hulle deur ’n menslike vader verwek is.

B. Christus is NIE ’n biologiese seun van God nie.

Maar Jesus Christus is NIE ’n biologiese seun van God nie. Hy is nooit voortgebring nie. Sy goddelike bestaan het geen begin nie. Jesus Christus is nie die biologiese seun van God nie. Die uitdrukking “seun van God” is geen verwysing na Jesus Christus as die biologiese seun van God nie, soos sommige nie-christelike godsdienste valslik beweer³ dat Christene dit glo.

(1) Jesus Christus het ’n unieke menslike natuur.

In ooreenstemming met sy goddelike natuur bestaan Jesus Christus van alle ewigheid af (Johannes 1:1). Maar in ooreenstemming met sy menslike natuur is Hy in die menslike geskiedenis gebore uit die maagd Maria (Johannes 1:14). Maar sy menslike natuur ontleen Hy nie aan sy wetlike vader, Josef, nie, maar aan die werk van die Heilige Gees (Lukas 1:35). In teenstelling met alle mense op die aarde het Jesus Christus geen menslike vader nie! En in teenstelling met alle mense op die aarde (ingeslote profete) is Jesus Christus volkome sonderloos (2 Korintiërs 5:21; Hebreërs 4:15)!

(2) God die Vader of God die Gees het nie ’n menslike liggaam nie.

Christene noem die menslike liggaam van Jesus Christus nie “die menslike liggaam van God” nie, omdat God geen menslike liggaam het nie. Ook het God geen menslike verhouding soos ’n man met ’n vrou op die aarde nie. Die Heilige Gees is Gees en het geen menslike liggaam nie. Hy het die menslike liggaam van Jesus Christus geskep in die maagd Maria (Lukas 1:35). Maar Bybelse Christene noem nooit vir Maria “die moeder van God”⁴ nie! Maria is slegs die moeder van die menslike natuur van Jesus Christus!

(3) Jesus Christus het wel in die menslike geskiedenis ’n menslike liggaam aangeneem.

Van alle ewigheid is Jesus Christus God. Van alle ewigheid besit Jesus Christus net soos God die Vader die goddelike natuur. Daarom word Jesus Christus “die Seun van God” genoem. Maar in die tyd (in die menslike geskiedenis) het Hy ook die menslike natuur naas sy goddelike natuur aangeneem en het Hy sy skepping en die menslike geskiedenis deur die maagd Maria binnegetree. Hy het aan die kruis gesterf alleen in sy menslike natuur en het daardeur versoening gedoen vir alle sondes van mense wat in Hom glo. En Hy het uit die dood opgestaan alleen in sy menslike natuur en het daardeur ’n wedergebore lewe op die aarde vir mense wat in Hom glo en die opstanding van hul menslike liggaam na hul liggaamlike dood gewaarborg.

³ Mense wat hierdie leun versprei behoort aan die duiwel. Jesus sê: “Julle is kinders van die duiwel; hy is julle vader, en julle wil doen wat julle vader wil hê julle moet doen. Hy was van die begin af ’n moordenaar. En hy staan nie aan die kant van die waarheid nie, omdat daar geen waarheid in hom is nie. Wanneer hy leuntaal praat, is dit volgens sy aard, want hy is ’n leuenaar en die vader van die leun.”

⁴ Die uitdrukking “moeder van God” (Grieks: theotokos) word in die Rooms Katolieke Kerk gebruik om Maria te bekrywe.

- (4) Die verhouding tussen die goddelike en menselike nature van Jesus Christus bly vir mense 'n geheim.

Jesus Christus is absoluut uniek. Hy is die God wat die menselike natuur aangeneem het (Jesaja 9:5). Buiten Jesus Christus is niemand anders as "Immanuel" (God met ons) nie (Matteus 1:23).

5. Jesus Christus is NIE die geestelike seun van God nie.

A. Christene as geestelike seuns.

Die uitdrukking "seun" in die Bybel verwys soms na 'n geestelike afkoms: 'n geestelike seun. Johannes 3:6 sê ook, "Wat uit die Gees gebore is, is Gees." Die Bybel maak 'n duidelike onderskeid tussen 'n biologiese seun en 'n geestelike seun.

- (1) 'n Christen word 'n geestelike "seun van God" ('n metafoor) by sy wedergeboorte.

Na sy geboorte is 'n mens alleen die biologiese (liggaamlike) seun (of dogter) van sy ouers op die aarde. Maar na sy (haar) wedergeboorte deur die Heilige Gees word 'n Christen ook die geestelike seun (of dogter) van God in die hemel genoem (Johannes 1:12-13). Sy menslike gees was voorheen (geestelik) "dood" (Efesiërs 2:1-3), maar word by sy wedergeboorte "levend" gemaak (Efesiërs 2:4-5). Wanneer hy in Jesus Christus gaan glo, word hy deur die Heilige Gees wedergebore (Johannes 3:3-8)! 'n Mens word alleen 'n geestelike kind (seun of dogter) van God wanneer hy (sy) wedergebore word (Johannes 1:12-13).

Voordat die wêreld geskep is, het God al Christene "uitgekies en bestem om hulle as sy geestelike kinders (seuns en dogters) aan te neem" (Efesiërs 1:4-5). By hulle wedergeboorte deur die Heilige Gees word hulle as geestelike "kinders van God" aangeneem (Romeine 8:15). En by die verlossing van hulle verganklike liggame by die opstanding uit die dood sal God bevestig dat Hy hulle as sy geestelike kinders aangeneem het (Romeine 8:23). Al drie Bybelgedeeltes gebruik die Griekse woord "as seuns aangeneem" (Grieks: huiothesia).

- (2) 'n Christen besit 'n geestelike natuur met slegs bepaalde goddelike kenmerke.

Terwyl die fisiese natuur van die mens afstam van sy ouers op die aarde, stam sy geestelike natuur af van God die Heilige Gees. Terwyl 'n Christen nie inherent die goddelike natuur besit nie, ontvang en besit hy 'n geestelike natuur wat deel het aan bepaalde goddelike kenmerke soos kennis, godsvrug en liefde (2 Petrus 1:3-9). Sy geestelike natuur is nie langer 'n slaaf van die skuld, skande, mag en vernietiging van die sonde nie, maar is vrygemaak om steeds meer en meer gelykvormig te word aan Jesus Christus. Sy geestelike natuur is nie langer 'n slaaf van die duiwel nie. Hy word nie meer gedwing om die wil van die duiwel te gehoorsaam nie (2 Timoteus 2:26). Hy het 'n geestelike kind van God geword, lewe regverdig en het God en sy broer lief (1 Johannes 3:10).

- (3) Die feit dat 'n Christen 'n geestelike seun van God word het 'n begin in die menslike geskiedenis. 'n Christen word 'n kind van God by sy wedergeboorte.

B. Christus is NIE 'n geestelike seun van God nie.

Maar Jesus Christus is NIE 'n geestelike seun van God nie. Hy is ook nie 'n godsdienstige seun van God nie. Jesus Christus word nooit wedergebore nie! Hy is van die ewigheid af die Seun van God. Hy het geen "begin" nie!

- (1) Jesus Christus besit die goddelike natuur van alle ewigheid en tot in alle ewigheid.

Van alle ewigheid is Jesus Christus "die Seun van God" ('n goddelike metafoor) in sy wese en natuur. Hy besit die goddelike natuur vanaf die ewigheid! Hy ontvang nie 'n wedergebore geestelike natuur soos Christene dit ontvang nie, maar besit die geestelike natuur van alle ewigheid. Van alle ewigheid is Hy die Seun van God, omdat Hy dieselfde wesenlike goddelike natuur besit as God. Hy is die Seun van God vóórdat hy die menselike natuur aangeneem het (Psalm 2:6-7; Johannes 3:16).

- (2) Jesus Christus is die Seun van God van ewigheid tot ewigheid.

Jesus Christus word nie die Seun van God by sy geboorte as mens nie (d.w.s. toe Hy die menselike natuur by sy goddelike natuur aangeneem het nie). Die ewige Seun van God het in die tyd (in die menslike geskiedenis) die menselike natuur ('n menslike liggaam) aangeneem in die maagd Maria (Lukas 1:26-37). Nadat Hy die menselike natuur aangeneem het, is Hy nog steeds die Seun van God, omdat by sy doop met water God nie gesê het nie, "Jy het My geliefde Seun *geword*", maar "Jy is my geliefde Seun; Oor Jou verheug Ek My" (Markus 1:11). Ook Jesus Self sê dat Hy die Seun van God is (Matteus 11:27; Matteus 21:37-39 en Matteus 27:43). Die apostel Johannes sê dat Hy die Seun van God is (Johannes 3:35-36; Johannes 5:19-30). En die apostel Paulus sê dat Hy die Seun van God is (Romeine 1:3-4,9; Romeinen 5:10; Romeinen 8:3).

- (3) Jesus Christus is die sigbare Beeld van die onsigbare God.

Jesus Christus is van die ewigheid tot die ewigheid die Seun van God, maar openbaar sy goddelike natuur in die tyd (geskiedenis). Hy is die sigbare Beeld van die onsigbare God (Kolossense 1:19; 2:9). Hy is die sigbare Afstraling van die heerlijkheid van God (d.w.s. uit Hom straal al die goddelike attribute of kenmerke). Hy is die sigbare Afdruk van God se selfstandigheid en dus die sigbare Ewebeeld van die onsigbare God (Hebreërs 1:3). Hy is die Eksegeet of Verklaarder van die ondeurgrondelike God. Dit is ook die betekenis van die uitspraak: "Sy enigste Seun, self God, wat

die naaste aan die Vader is, dié het Hom (eens en vir altyd) bekend gemaak (verklaar)” (Grieks: exegeomai) (Johannes 1:18; vgl. Matteus 11:27).

(4) Jesus Christus is die Gees van God.

Jesus Christus is die Goddelike Wese wat deur die Ou-Testamentiese profete gespreek het nog vóórdat Hyself die menselike natuur aangeneem het (d.w.s. vóór sy inkarnasie) (1 Petrus 1:10-12; 2 Petrus 1:19-21). Jesus Christus is die Goddelike Wese wat by sy eerste koms na die aarde deur die Gees ‘n menselike liggaam aangeneem het in die maagd Maria (Lukas 1:26-37). Jesus Christus is die Goddelike Wese wat gedurende sy bediening op die aarde mense red, genees en bevry (Matteus 12:28; Handelingen 10:38). Hy is die Goddelike Wese wat na sy hemelvaart op Christene uitgegiet word as die Heilige Gees. Hy is die Ander Voorspraak of Verteenwoordiger wat altyd in en by Christene sal wees en hulle dus nie as weeskinders agterlaat nie (Johannes 14:16-18). Hy is die Goddelike Wese wat ná Pinkster as “die Gees van God” en “die Gees van Christus” in Christene woon (Romeine 8:9-10), deur wie Christene God persoonlik as “onze Vader” ken (Romeine 8:15-17), en deur wie Christene van hul slaverny aan wettiese godsdienstige reëls bevry word, nadat hulle lank in hulle eie krag geprobeer het om deur hierdie godsdienstige reëls te hou, geregverdig of verlos te word (Galasiërs 4:1-7). En Hy is die Goddelike Wese wat die sluier oor hulle gesig en verstand wegneem sodat hulle die Bybel werklik kan verstaan, tot geloof kan kom, en verander kan word na die beeld van God. Elke keer as ‘n mens hom na die Here wend, word die sluier weggeneem. Die “Here” beteken hier die Gees ...” (2 Korintiërs 3:14-18)!

(5) Jesus Christus is die Woord van God.

Jesus Christus is “die Woord” van God en Hy is van alle ewigheid Self God (Johannes 1:1). Die woord: “Woord” (Grieks: logos) is ‘n metafoer wat uitdruk dat God praat en sowel die eerste as die laaste woord spreek!

(1) Die Woord in die skepping. As Skepper het Jezus Christus die eerste en die laaste woord in die skepping gespreek (Johannes 1:3, vgl. Genesis 1:1-3; Psalm 33:6).

(2) Die Woord in die onderhouding van die skepping. As enigste Erfgenaam van alles hou Hy alle dinge in die skepping deur sy magswoord (Grieks: réma) in stand (Hebreërs 1:3).

(3) Die Woord in die openbaring. As Middelaar praat Hy en het Hy geopenbaar (verklaar, verstaanbaar gemaak) Wie God is en wat God wil (Johannes 1:18; Matteus 11:17; Hebreërs 1:1-2). Na Jesus Christus kom daar geen nuwe openbarings deur andere profete nie (Hebreërs 1:1-2)!

(4) Die Woord in die verlossing. As Verlosser praat Hy en wêk Hy deur sy gesproke woorde geloof in mense: “Die geloof kom dus deur die prediking wat ‘n mens hoor, en (letterlijk:) wat ‘n mens hoor is *die gesproke woord* (Grieks: rema, hier niet: logos nie) van Christus” (Romeinen 10:17). Mense kom tot geloof wanneer hulle merk dat Jesus Christus persoonlik tot hulle spreek.

(5) Die Woord in die herskepping. As Herskepper praat Hy en sê, “Kyk, Ek maak alles nuut” (Openbaring 21:5-6; 2 Korintiërs 5:17; vgl. Efesiërs 1:9-10).

(6) Die Woord in die laaste oordeel. Jesus Christus sal ook die laaste woord spreek in die laaste oordeel van alle mense (Openbaring 19:13-16)!

6. Jesus Christus is NIE ‘n simboliese seun van God nie.

A. Christene as seuns van die lig.

De uitdrukking “seun” in die Bybel het soms simboliese betekenis: dit is ‘n metafoer. Die woord “seun” saam met die besittlike naamval (genitief) van ‘n selfstandige naamwoord is ‘n aanduiding dat die “seun” in ‘n baie intiem verhouding met die selfstandige naamwoord staan en ook die unieke kenmerke van die selfstandige naamwoord besit⁵.

Byvoorbeeld, die uitdrukking “seuns (ANV mense) van die wêreld” (Lukas 16:8) is ‘n uitdrukking dat nie-Christene in die mees intieme verhouding met die sondige wêreld staan en ook die kenmerke van die sondige wêreld dra en uitstraal: dus “wêreldse mense”. En die uitdrukking: “seuns (ANV mense) van die lig” (Lukas 16:8) is ‘n uitdrukking dat Christene in die mees intieme verhouding tot die Lig, Jesus Christus, staan en ook die goddelike kenmerke van Jesus Christus dra en uitstraal: namelijk, sy heiligheid, geregtigheid, barmhartigheid, liefde, wysheid, suiwerheid, ens., dus “mense wat aan God behoort en sy goddelike eienskappe besit en uitstraal.” Nietemin het Christene as “ligte van die wêreld” ‘n *begin in die geskiedenis* (naamlik, by hul wedergeboorte)(Johannes 1:12-13) en daarna lewe hulle hul kenmerk as “ligte van die wêreld” uit (Matteus 5:14).

B. Christus is NIE ‘n simboliese seun van God nie.

(1) Metafore.

Die woord “Vader” vir God is ook ‘n metafoer, maar nie alleen ‘n metafoer (‘n simbool) nie! Dit slaan glad nie op biologiese vaderskap nie! Die uitdrukking: “Vader” vir God is ‘n aanduiding dat God die Ewige is, die Oorsprong en Bron of Skepper van die hele skepping is.

⁵ Vgl. nommer 11, “die seun van die mens”. Voorbeelde uit ‘n Semitiese taal: (1) “Ek is ‘n seun van Suid Afrika” beteken “Ek is ‘n Suid Afrikaan.

(2) “Ek is ‘n seun van die straat” beteken “Ek is ‘n swerwer of kind wat in die straat speel”. (3) “Ek is ‘n seun van dertig jaar” beteken “Ek is dertig jaar oud”.

En die uitdrukking: “Seun van God” is ook ’n metafoor, maar nie alleen ’n metafoor (’n simbool) nie! Dit sinspeel gladnie op ’n biologiese seun nie! Die uitdrukking: “Seun” vir God is ’n aanduiding dat God Homself in die tyd geopenbaar het. Die Seun van God is:

- die sigbare Beeld (Gelykenis) (Grieks: eikon) van God (Kolossense 1:15)
- die sigbare Afstraling (Grieks: apaugasma) van God se heerlikheid (attribute)
- die sigbare Afdruk of Ewebeeld (Grieks: charaktér) (Hebreërs 1:3) van God se selfstandigheid, bestaanswyse en openbaringswyse (Grieks: hupostasis). In die diepste van God se wese is daar ’n innerlike onderskeiding wat God Self maak: drie bestaanswyse en daarom ook drie openbaringswyse.

(2) Jesus Christus is nie maar ’n simbool wat God verteenwoordig nie, maar is God Self.

Hy staan nie alleen maar in die mees intieme (innerlike) verhouding tot God nie en dra nie alleen maar die kenmerke van God nie. Hy is God! Hy is nie alleen maar ’n simbool van die Lig nie, maar Hy is die Lig (Johannes 1:4-9; Johannes 8:12)! Hy is nie alleen maar ’n simbool wat op God lyk nie, maar Hy is die werklikheid self! Jesus Christus is God Self (Romeinen 9:5; Kolossense 2:9; Titus 2:13; Hebreërs 1:3; Hebreërs 2:8-9; 1 Johannes 5:20)! Jesus Christus is die tweede bestaanswyse en daarom ook die tweede openbaringswyse van die Goddelike Wese.

(3) Jesus Christus het geen begin en geen einde nie.

Nêrens in die geskiedenis *word* Jesus Christus op ’n bepaalde tydstip “die Seun van God” nie. Hy is die Seun van God van alle ewigheid (Johannes 1:1)! Dat Hy Seun van God is, het geen begin en ook geen einde nie! Jesus Christus is die Alfa en die Omega, die Begin en die Einde (Openbaring 1:8; Openbaring 2:8; Openbaring 22:12-13)!

(4) Jesus Christus is nie maar ’n simboliese seun van God nie.

Uitdrukkings oor God in die besitlike naamval (Genitief) word nie simbolies bedoel nie, maar letterlijk! Uitdrukkings soos “die arm van die Here” en “die oor van die Here” (Jesaja 59:1-2) suggereer nie dat God ’n menslike liggaam met arms en ore het nie, maar dat God mense (kan) red en hulle gebede (kan) hoor! Die uitdrukking: “die oë van die Here” (2 Kronieke 16:9) suggereer nie dat God menslike oë het nie, maar dat God alles en almal (kan) sien – iets wat menslike oë nie kan nie (Hebreërs 4:13). Die uitdrukking: “Seun van God” suggereer ook nie dat Jesus Christus ’n biologiese of geestelike of simboliese seun van God is nie, maar dat Hy die werklike metafisiese en ontologiese Seun van God is.

7. Jesus Christus is die Seun van God in metafisiese, ontologiese, trinitariese en ewige sin.

A. Christene is geestelike seuns van God.

Die God wat Homself in die Bybel openbaar is “die Vader” van Christene alleen in geestelike sin (en nie in ’n wesenlike, simboliese of biologiese sin nie).

Christene is nooit “God” nie en word ook nooit “God” nie, maar bly altyd skepsels van God en moet altyd van God onderskei word. Voordat hulle in Jesus Christus geglo het, was hulle ook vyande van die God van die Bybel (Romeine 5:10). Maar nadat hulle tot geloof in Jesus Christus gekom het, word Christene “die (geestelike) seuns en dogters van God” (Efesiërs 1:5) of “die (geestelike) kinders van God” (Johannes 1:12-13) genoem wat steeds meer die geestelike karaktereenskappe van die God van die Bybel kry (Efesiërs 4:24; 2 Petrus 1:4; 1 Johannes 3:1-3).

Die God van die Bybel heers soewerein (almagtig) vanuit die hemel oor alles en almal, voer sy plan van verlossing uit deur Jesus Christus en woon in alle Christene deur die Heilige Gees. Die onderlinge eenheid van Christene kan alleen afgelei word van die eenheid van die God van die Bybel en van die eenheid tussen God die Vader, God die Seun en God die Heilige Gees in die Goddelike Wese. Die eenheid van die christelike Gemeente (Kerk) in die wêreld word gedemonstreer deur Christene wat dieselfde God van die Bybel as hul Skepper het (Jesaja 64:7) en aanbid (Matteus 6:9), wat dieselfde Redder van hul sonde het, wat dieselfde inwonende Heilige Gees het (1 Korintiërs 3:16) en wat dieselfde geloof, hoop en liefde het (Efesiërs 4:3-6)!

B. Christus is die Seun van God in metafisiese, ontologiese, trinitariese en ewige sin.

Die God van die Bybel is die Vader van Jesus Christus in ’n wesenlike (ontologiese) sin.

“Ontologie” beteken “die leer van die bestaan”. God die Vader en God die Seun het dieselfde Goddelike “Wese”, “Natuur” of “Bestaan” van alle ewigheid. Die verhouding tussen die Vader en die Seun is hoegenaamd nie biologies nie, soos sommige nie-Christelike godsdienste Christene valslik beskuldig dat hulle daarin glo. Hul verhouding is van alle ewigheid metafisies (bonatuurlijk), ontologies, trinitaries en ewig van aard.

Die God van die Bybel openbaar Homself as “die God en Vader van ons Here Jesus Christus” (Efesiërs 1:3; vgl. Johannes 20:17). Die uitdrukking “God van ons Here Jesus Christus” lê die nadruk op die menslike natuur van Jesus Christus (vgl. Johannes 14:28)⁶. En die uitdrukking “Vader van ons Here Jesus Christus” lê die nadruk op die goddelike natuur van Jesus Christus (vgl. Johannes 10:30)⁷. Jesus Christus is “God se *geliefde* Seun, waaroor Hy Hom verheug” (Matteus 3:17; Matteus 17:5). Hy is “God se *enigste* (Grieks: *eniggebore*) Seun” (Johannes 1:18; Johannes 3:16). Hy is “God se *eie* seun” (Romeine 8:32). Hy is God se *ewige* Seun, omdat “die Seun heerlikheid gehad het voordat die wêreld bestaan het” en omdat “die Vader die Seun al voor die skepping van die wêreld liefgehad het” (Johannes 17:5,24).

⁶ Johannes 14:28 “Omdat die Vader groter as Ek is”.

⁷ Johannes 10:30 “Ek en die Vader is één.”

Alle andere “gode” van die ander godsdienste in die wêreld is NIE die Vader van Jesus Christus in metafisiese, ontologiese, trinitaries en ewige sin nie! Hulle het geen ooreenkoms met die God van die Bybel nie! Die Ou Testament noem Jesus Christus al “Magtige God”, ‘n benaming wat aan die HERE (Hebreeus: JAHWEH), die God van die verbond) gegee word (Jesaja 9:5; Jesaja 10:20-21). Die Ou Testament noem Jesus Christus ook “die Ewige Vader” (Jesaja 9:5), ‘n benaming wat ook aan die HERE gegee word (Jesaja 63:16; Jesaja 64:8). En in die Nuwe Testament sê Jesus Christus ook: “Ek en die Vader is Één” (Johannes 10:30).

Die christelike Gemeente (Kerk) en Christene bely één God met drie bestaanswyses en daarom drie openbaringswyses in die skepping en in die menslike geskiedenis: die Vader, die Seun en die Heilige Gees (Matteus 28:19).

8. Pas na sy dood, opstanding, hemelvaart en troonsbestyging verklaar God dat Jesus Christus die almagtige Seun van God is.

(1) Jesus Christus is die Seun van God vóór sy inkarnasie (voordat Hy naas sy goddelike natuur ook ‘n menslike liggaam aangeneem het).

Deur middel van die Ou Testamentiese profete sê God al oor Jesus Christus: “Ek sal vir Hom ‘n Vader wees en Hy sal vir My ‘n Seun wees” (1 Kronieke 17:13). Terwyl die outeur van 2 Samuel 7:12-16 oor koning Dawid se eie seun (Salomo) praat (vers 12), praat die outeur van 1 Kronieke 17:11-14 oor één van koning Dawid se seuns (Jesus Christus) in wie die woorde van hierdie profesie in vervulling sou gaan. Die woorde van die engel Gabriël aan Maria bevestig dat hierdie profesie in Jesus Christus vervul sou word (Lukas 1:32). En die woorde in Hebreërs 1:5 bevestig dat hierdie woorde in Jesus Christus in vervulling gegaan het. “Immers, aan wie van die engele het God ooit gesê: Jy is My Seun, van vandag af is Ek jou Vader, en ook: Ek sal sy Vader wees, en Hy sal My Seun wees.”

(2) Jesus Christus is die Seun van God by die aankondiging van sy geboorte.

Die engel Gabriël het toe aan Maria gesê: “Jy moet Hom die naam Jesus gee. Hy sal groot wees en die Seun van die Allerhoogste genoem word. Die Here God sal Hom die troon van sy voorvader Dawid gee, en Hy sal as koning oor die nageslag van Jakob heers tot in ewigheid. Aan sy koningskap sal daar geen einde kom nie” (Lukas 1:31-33). Maar eers by sy troonsbestyging sou in die menslike geskiedenis duidelik word dat Jesus Christus die Seun van God is wat met absolute gesag en almag beklee is.

(3) Jesus Christus is die Seun van God by sy doop met water.

Toe Johannes die Doper Jesus Christus met water gedoop het, het ‘n stem uit die hemel gesê: “Jy is My geliefde Seun... Oor Jou verheug Ek My” (Markus 1:11).

(4) Jesus Christus is die Seun van God vóór en ná sy opstanding uit die dood.

Paulus praat oor “die evangelie van God wat Hy vooruit deur sy profete in die Heilige Skrif aangekondig het en wat handel oor Sy Seun” (Romeine 1:1-3a). Hy praat oor die menslike natuur van die Seun van God en maak ‘n onderskeid tussen Jesus Christus as mens na sy geboorte en na sy opstanding uit die dood. “As mens (letterlik: wat die vlees/sy menslike natuur betref) is Hy uit die geslag van Dawid gebore” en “op grond van sy opstanding uit die dood is Hy deur die Heilige Gees aangewys as die Seun van God (en openlik verklaar die Seun van God te wees)(Grieks horizó) wat met mag beklee is” (Romeine 1:3b-4). Die menslike natuur (letterlik: vlees) van Jesus Christus ná sy geboorte uit die geslag van Dawid was gekenmerk deur swakheid: Hy het moeg geword, honger en dors gekry, is deur angs oorval en is deur die sonde versoek. Hy was sterflik. Maar die menslike natuur van Jesus Christus ná sy opstanding uit die dood is gekenmerk deur die krag van die Heilige Gees: sy menslike liggaam is nie meer onderhewig aan die wette van die natuur⁸ nie, maar word heeltemal deur die Heilige Gees beheers. Hy het dwarsdeur die doeke waarmee sy liggaam toegedraai was en dwarsdeur die rots groftombe en dwarsdeur ‘n geslote deur gegaan. Hy kon plotseling aan mense verskyn en dan weer plotseling verdwyn. Uiteindelik het Hy met sy opstandingsliggaam na die hemel opgevaar en het Hy aan die regterhand van God op sy troon gaan sit. Vergelyk Handeling 17:31 - As bewys vir almal dat God Jesus Christus uitgekies het deur Wie Hy die wêreld gaan oordeel, het Hy Hom uit die dood laat ontstaan!⁹

Die woorde van vers 4 beteken nie dat Jesus Christus eers na sy opstanding “aangewys is as die Seun van God nie (en openlik verklaar is die Seun van God te wees nie)”. Omdat Jesus Christus van alle ewigheid God is, val die nadruk op die woorde “met krag beklee”. Na sy geboorte was sy mag met al sy heerlikheid verborge, sodat mense dit nie kon sien nie. Na sy geboorte was Hy die Seun van God in sy staat van vernedering. Maar na sy opstanding uit die dood is Hy aangewys as die Seun van God (openlik verklaar die Seun van God te wees) met alle mag in die hemel en op die aarde beklee (Matteus 28:18; Johannes 13:3; Efesiërs 1:20-22). Na sy opstanding uit die dood is Hy nog steeds die Seun van God, maar nou in sy staat van verhoging (verheerliking), iets wat voor sy opstanding nog nie sigbaar was nie.

Alhoewel Jesus Christus van alle ewigheid die Seun van God is (in metafisies, ontologiese, trinitariese en ewige sin), begin Hy eers om sy absolute soewereine gesag en mag op die aarde en in die menslike geskiedenis uit te oefen na sy opstanding, hemelvaart en troonsbestyging in die hemel. Eers nadat Jesus Christus sy volkome gehoorsaamheid met sy dood aan die kruis en opstanding bewys het, het Jesus Christus begin om alle mense (in die wêreld) na Homself toe te

⁸ Nie meer onderhewig aan die beperkinge van die skepping, d.w.s. nie meer onderhewig aan die beperkinge van ruimte (drie dimensies), tyd en swaartekrag nie. Hy kan bestaan in die ruimte, maar ook bo/buite hierdie ruimte, in die menlike tyd, maar ook bo/buite hierdie tyd, onderhewig aan die swaartekrag van die aarde, maar ook bo/buite hierdie swaartekrag.

⁹ Hy is ook nie meer beperk tot die menslike lewe en dood nie, maar bestaan bo en ook in die menslike lewe.

trek Johannes 12:31-32) en het die Christelike Gemeente (Kerk) begin om mense in alle nasies tot geloof in en gehoorsaamheid aan Jesus Christus te bring (Romeine 1:5; Romeine 16:25-26), hulle tot dissipels van Jesus Christus te maak en oor die hele aarde te versprei (Matteus 28:19-20).

(5) Jesus Christus is die Seun van God by sy troonsbestyging in die hemel.

• **Die Seun van God (Jesus Christus) word met die seuns van God (die engele) vergelyk.**

Hoewel engele kollektief “seuns van God” (ANV hemelwesens)(Hebreeus: bene ha-Elohim) genoem word (Job 1:6; 2:1)¹⁰, word geen engel “die Seun van God” genoem nie. Hierdie uitdrukking gee aan Jesus Christus sy besonder en uitverkore status!

Jesus gebruik ’n argument uit die Bybel om sy aanspraak te ondersteun dat Hy die Seun van God is. Die Bybel stel God voor as die Groot Regter wat omring word deur “hemelse regters” (1 Konings 22:19-23; Job 1:6) en “aardse regters” (Psalm 82:1-8). In Job 1 en 2 berisp God as Regter die Satan. En in Psalm 82 berisp God die aardse regters omdat hulle onregverdige beslissings vel teenoor die verdrukke mense, die swak mense en die arm mense. God (of Asaf geïnspireer deur God) noem hierdie regters “gode” (Hebreeus: elohim) en “seuns van die Allerhoogste” (Hebreeus: bene eljon)¹¹, nie omdat hulle “gode” is nie, maar omdat hulle die reg en geregtigheid van God op die aarde verteenwoordig! God spreek reg deur middel van aardse regters (Deuteronomium 1:16-17; Deuteronomium 16:18-19). Jesus redeneer, dat as die Ou-Testamentiese Wet aardse regters “gode”¹² mag noem en die Wet nie verbreek mag word nie, dan mag Jesus Christus as Regter van die lewende en die dode in die menslike geskiedenis (Johannes 10:34-36; vgl. Johannes 5:22; Handelingen 10:42; Romeine 2:16; 2 Korintiërs 5:10; 2 Timoteus 4:1; 1 Petrus 4:5) ook “die Seun van God” genoem word! “Want Hy het ’n dag bepaal waarop Hy regverdig oor die wêreld gaan oordeel deur ’n Man wat Hy uitgekies het. As bewys daarvan vir almal, het Hy Hom uit die dood laat opstaan” (Handelingen 17:31).

Natuurlik het die woorde “gode” (m.b.t. aardse regters) en “die Seun van God” (m.b.t. Jesus Christus) hier verskillende betekenis. Jesus redeneer van ’n klein waarheid na ’n groot waarheid.

- Die aardse regters word op die aarde gebore, maar Jesus Christus word vanuit die hemel na die aarde gestuur
- Die woord van God word tot die aardse regters gespreek, maar Jesus Christus is die Woord van God.
- Die aardse regters verteenwoordig die gewone aardse regspraak, maar Jesus Christus as die Regter verteenwoordig die absolute en finale regspraak van God oor alle mens (Johannes 5:22).
- As aardse regters “seuns van God” (’n menslike metafoor) genoem mag word, dan moet die Jode nie protesteer wanneer Jesus Christus “die Seun van God” (’n goddelike metafoor) genoem word nie (Johannes 10:34-36; vgl. Johannes 1:14,18; Johannes 3:16). Jesus Christus was nie besig om God te laster nie, want Hy is die Middelaar tussen God en mense (Johannes 5:17-23), die Middelaar in die skepping (Johannes 1:3), die Middelaar van wonderdade (Johannes 5:19-21), die Middelaar van verlossing (Johannes 5:24-26; 1 Timoteus 2:5-6) en die Middelaar van die laaste oordeel (Johannes 5:22,27,30; Johannes 10:34-36; Handelingen 17:30-31).

• **Jesus Christus word in die Ou Testament en in die Nuwe Testament erken en bely as die Seun van God.**

God sê oor Jesus, “Jy is My Seun, (letterlijk): vandag het Ek Jou verwek (ANV: van vandag af is Ek Jou Vader)” (Hebreeërs 1:5a; Psalm 2:7). Psalm 2:7b-9 kom waarskynlik voort uit die liturgie gedurende ’n troonsbestijging van ’n koning in Juda. Die hele Psalm 2 is ’n profesie oor die Messias Koning wat kom, wat uit die geslag van Dawid sou kom (Jeremia 23:5-6; Esegïel 37:24-28). Die Nuwe Testament beskou Psalm 2 as ’n Messiaanse Psalm (Handelinge 4:25-26; Handelingen 13:33). In Psalm 2 haal die Messias (die Gesalfde van die Here) hierdie woorde aan as die grondslag van sy vertroue wanneer die konings van die aarde en die wêreldse magte teen Hom saamtrek (Psalm 2:2).

God se woorde, “Vandag het ek Jou verwek” beteken nie dat Jesus Christus eers die Seun van God geword het by sy geboorte as mens nie. Die woord “vandag” in Hebreërs 1:5 verwys na die verheerliking en troonsbestyging van Jesus Christus (Psalm 110:4; Hebreërs 1:13). By sy opstanding, hemelvaart en troonsbestyging is Jesus Christus bekleed met koninklike waardigheid, het Hy die titel “Seun van God” ontvang en het hy ’n begin gemaak met sy heerskappy vanuit die hemel oor die aarde op grond van sy volbragte verlossingswerk. Dit is ’n posisie bo alle mense op die aarde (Handelingen 2:36; Filippense 2:9-11) en bo alle engele in die hemel (Hebreërs 1:3-14). Sy titel verwys na Wie Hy regtig is en wat mense vanaf sy opstanding, hemelvaart en troonsbestyging sê wat Hy is, naamlik, die Seun van God in metafisiese, ontologiese, trinitaries en ewige sin!

9. Jesus Christus is die biologiese seun van Maria – in sy menselike natuur en tegelyk die eniggebore Seun van God – in sy goddelike natuur.

A. Die menslike natuur van Jesus Christus.

Die geslagsregisters bewys dat Jesus Christus die biologiese seun van Maria was.

¹⁰ In Genesis 6:2,4 word met “seuns van God” nie na hemelwesens verwys nie, maar na gelowige mense (die nageslag van Set) in teenstelling tot ongelowige mense, “die dogters van mense” (die nageslag van Kain).

¹¹ ANV vertaal hier “almal met mag bekleed”.

¹² D.w.s. regters wat die reg en geregtigheid van God op die aarde behoort te verteenwoordig.

(1) Die geslagsregister van Matteus.

Matteus skryf sy Evangelie hoofsaaklik vir Jode en hy was heel geïnteresseerd in wetlike aangeleenthede. Hy noteer die wetlike geslagsregister van Jesus Christus in dalende lyn vanaf Abraham tot Jesus Christus. In Matteus 1:1-12 staan die stamboom van Abraham, Dawid, Salomo (en nie Natan nie) tot Serubbabel (538 v.C. tydens die terugkeer van die Jode uit die ballingskap in Babilon) (Esra 1:11 - 2:2). In Matteus 1:13-16 staan die stamboom van Serubbabel, Abihud (en nie Resa nie) tot Jakob (nie Eli nie). “(Letterlik:) Jakob het Josef verwek (Grieks: gennaó) (ANV was die vader van Josef), die (wetlike) man van Maria uit wie gebore is (Grieks: gennaó) Jesus wat Christus genoem word” (Matteus 1:16). Josef was nie die biologiese vader van Jesus nie, maar wel die wetlike vader van Jesus, omdat hy die wetlike man van Maria was. Dus Matteus het tot die gevolgtrekking gekom dat Jesus Christus baie belangrik vir die Jode en hul Wet is!

Die stamboom in Matteus is die geslagsregister van Josef, die wetlike vader van Jesus Christus (en dus die wetlike lyn van Jesus Christus). Volgens sy menslike natuur is Jesus Christus die biologiese seun (nageslag) van Abraham (Genesis 22:18; Matteus 1:1; Handeling 3:25; Galasiërs 3:8,16), die biologiese seun (nageslag) van Dawid (2 Samuel 7:12-16; Jesaja 9:6-7; Jesaja 11:1; Jeremia 23:5-6; Lukas 1:32; Openbaring 22:16) en die biologiese seun van Maria (Matteus 1:18; Lukas 1:31), maar NIE die biologiese seun van Josef nie! Volgens sy menslike natuur is Jesus Christus ’n afstammeling van Abraham, Dawid en Maria (Matteus 1:1,16). Op hierdie manier het die onsigbare en ewige God die sigbare skepping en die tyd in die menslike geskiedenis binnegetree.

(2) Die geslagsregister van Lukas.

Lukas skryf sy Evangelie hoofsaaklik vir heidene (nie-Jode) en was daarom heel geïnteresseerd in die historiese feite (Lukas 1:1-4). Hy noteer die historiese geslagsregister van Jesus Christus in die Wet in stygende lyn vanaf Jesus tot Adam en God. In Lukas 3:23 skryf Lukas, “Jesus was, soos hulle (die Jode) gemeen het, die seun van Josef. Josef was die seun van Eli” (nie Jakob nie soos in Matteus).” Hieronder sal ons sien dat Lukas waarskynlik bedoel: “Josef was *die skoonseun* van Eli” en Eli was die biologiese vader van Maria en dus die biologiese oupa van Jesus volgens sy menslike natuur! In Lukas 3:23-27 loop die stamboom van Josef, Eli (nie Jakob nie), Resa (nie Abihud nie) tot Serubbabel. En in Lukas 3:27-31 loop die stamboom van Serubbabel, Natan (en nie Salomo nie) tot Dawid. In Lukas 3:28-37 loop die stamboom langs die belangrikste generasies tot Abraham en tot Adam. Dus, Lukas kom tot die gevolgtrekking dat Jesus Christus baie belangrik vir alle volke op die aarde is!

Die stamboom in Lukas is waarskynlik die geslagsregister van Maria, die biologiese moeder van Jesus Christus (en dus die biologiese lyn van Jesus Christus). Dis nie die geslagsregister van Josef nie (en dus die wetlike lyn van Jesus Christus nie). Die redes is die volgende:

- Lukas het die feite aangaande die aankondigings van die geboorte van Jesus Christus, die geboorte van Jesus Christus en die geslagsregisters van Jesus Christus deeglik ondersoek (Lukas hoofdstukke 1-3).
- Die engel Gabriël het aangekondig dat Jesus nie die biologiese seun van Josef sou wees nie, maar wel die biologiese seun van Maria. Hy het die wonder van die maagdelike geboorte deur die kragtige werking van die Heilige Gees aangekondig (Lukas 1:26-37). Gabriël het ook gesê dat Jesus Christus die Erfgenaam van die troon van Dawid sou wees, maar met die verskil dat Jesus Christus die laaste Koning sou wees en dat sy Koninkryk nooit sou eindig nie (Lukas 1:32)!
- Vol van die Heilige Gees het die priester Sagaria geprofeteer dat Jesus Christus die beloofde Verlosser uit die huis van Dawid sou wees (Lukas 1:67-69). En omdat vroue in Israel ook wetlike erfgenames kon wees (Numeri 27:8), beklee Maria ’n baie belangrike plek in die geslagsregister van koning Dawid!
- Die geslagsregisters in die Bybel noem alleen die belangrikste name in ’n stamboom en slaan die ander name oor. Byvoorbeeld, Matteus slaan die name van die konings: Ahasia, (Atalia), Joas en Amasia tussen Joram en Asarja (Ussia) oor (1 Kronieke 3:11-12; 2 Konings 11:1) en noem Asarja *die seun van Joram*, terwyl hy in feite *die agterkleinkind van Joram se agterkleinkind* was (Matteus 1:8-9)! Dus, die woorde “vader van” kan verwys na ’n verre voorouer, omdat alle onbelangrike voorouders oorgeslaan word. Matteus noem 17 name en Lukas 23 name tussen Dawid en Serubbabel. Maar ook Lukas slaan baie generasies oor. Hy noem alleen 34 name tussen Dawid en Adam en dit sou op ’n periode van ongeveer 850 jaar dui, terwyl dit in werklikheid baie baie langer moes gewees het!
- Die uitdrukking “Adam, die seun van God” kan nie letterlik opgevat word nie (Lukas 3:38).
- Op dieselfde manier moet die sin: “Jesus was, soos hulle gemeen het, die seun van Josef. Josef was *die seun* van Eli” (Lukas 3:23) nie letterlik opgevat word nie. Dit kon ook ’n paar generasies oorgeslaan het. Daarom was Josef waarskynlik “die skoonseun van Eli” en Maria “die dogter van Eli”. Maar omdat geslagsregisters langs die manlike lyn loop, word Josef, die wetlike man van Maria, in plaas van Maria genoem.
- Die Joodse Talmud noem Maria “die dogter van Eli”. Dit kan alleen waar wees as die stamboom in Lukas die geslagsregister van Maria is. ’n Sinaities-Syriese manuskrip vertaal Lukas 2:4 as volg: “Omdat *hulle* (Josef en Maria, in plaas van Josef) tot die huis en geslag van Dawid behoort het.” Dus, die Bybel en ander historiese dokumente buite die Bybel sê dat Maria tot die huis en geslag van Dawid behoort het. En daarom moet Lukas 3:23 gelees word as: “Josef was *die skoonseun van Eli*” en Matteus 1:16 as: “Josef was *die biologiese seun van Jakob*”.

Konklusie. Matteus gee die wetlike stamboom van Jesus langs sy wetlike vader, Josef, maar Lukas gee die biologiese stamboom van Jesus langs sy biologiese moeder, Maria.

Jesus Christus is die biologiese seun van Abraham, Dawid en Maria wat betref sy menslike afkoms (Matteus 1:1,16). Op hierdie manier het die onsigbare en ewige God sigbaar in sy skepping en in die menslike geskiedenis ingekom.

B. Die goddelike natuur van Jesus Christus.

Jesus Christus was ook die eniggebore (enigste) Seun van God (Johannes 1:14,18; Johannes 3:16,18).

Eerstens: word die Griekse woord "verwek" in die sin van "produseer, voortplant, vader word" of "geboorte skenk" uitgelê. Die Griekse woord "gennaó" word op ses maniere in die Bybel gebruik.

(1) "Gennaó" beteken "produseer", "voortbring" of "veroorzaak".

"Moet jou nie met dwase en sinlose strydvrage inlaat nie, want jy weet tog dat dit net rusies *veroorzaak*" (2 Timoteus 2:23).

(2) "Gennaó" beteken "verwek" of "vader word" in 'n biologiese sin.

Die woord word gebruik vir 'n man wat aktief iemand anders biologies verwek of 'n vader (of voorvader in die geslagsregisters) van daardie persoon word. "A was die vader van (*letterlik: verwek*) B" (Genesis 4:18 ens.).

En passief: "deur een man, 'n man wat nie meer 'n kind kon verwek nie, *kinders verwek is*" (Hebreërs 11:12). Ook "nie uit owerspel (d.w.s. buite die wetlike huweliksverhouding) *verwek (gebore)* nie" (Johannes 8:41). En "Jy is van jou *verwekking (geboorte)* af die ene sonde" (Johannes 9:34).

Die woord word ook gebruik vir die invloed van die Heilige Gees by die *verwekking* van die menslike natuur van Jesus Christus. Matteus 1:20 sê: "Wat in haar *verwek is*, kom van die Heilige Gees". En Lukas 1:35 sê, "Die Heilige Gees sal oor jou kom (Grieks: ep-erchomai, vgl. Handeling 1:8) en die krag van die Allerhoogste sal sy skaduwee oor jou gooi (Grieks: epi-skiazó, vgl. Matteus 17:5, 'n aanduiding vir die aanwesigheid van God)(ANV sal die lewe in jou wek). Daarom sal die een wat *verwek is (gebore word)*, heilig genoem word, die Seun van God." Die Heilige Gees het in die liggaam van Maria gewerk en Hy het alleen die liggaam van Jesus Christus in haar geskep. Hy het nie die goddelike natuur van Jesus Christus geskep nie, want die goddelike natuur is ongeskape en ewig! Die ewige Goddelike Wese het 'n menslike liggaam aangeneem in die skepping en in die menslike geskiedenis. Daarom word Hy (as God) ook "die Heilige" en "die Seun van God" genoem en daarom het Hy (as mens) die naam "Jesus" (Verlosser) gekry (Matteus 1:21). Jesus Christus het sy menslike natuur alleen van sy moeder gekry. Sy menslike natuur is deur die Heilige Gees in Maria verwek. Hy is nie soos by ander mense deur 'n menslike vader verwek nie, want God die Vader het nie 'n menslike liggaam nie!

(3) "Gennaó" beteken "ontvang", "geboorte skenk" of "moeder word" in 'n biologiese sin.

Die woord word gebruik van 'n vrou wat biologies geboorte skenk aan 'n kind. "Sy het *geboorte geskenk* aan 'n seun" (ANV 'n seun in die wêreld gebring). (Lukas 1:57). "Wanneer zij 'n vrou) *geboorte geskenk het* aan 'n kind, dink sy nie meer aan die pyn nie, so bly is sy dat daar 'n mens in die wêreld *gebore is*" (Johannes 16:21). "Ek is hiervoor *gebore* en na die wêreld toe gekom om oor die waarheid getuie af te lê" (Johannes 18:37). "Hoe kan ons (hulle) hoor, elkeen in ons eie taal waarin ons *gebore is*" (ANV moedertaal)? (Handelingen 2:8). "Ek is (as 'n Romeinse burger) *gebore*" (Handelingen 22:28).

(4) "Gennaó" beteken "verwek" of "vader word" in 'n geestelike sin.

Die woord word gebruik van die geestelike invloed van die apostel Paulus op die Korintiërs. "Want al sou julle ook duisende leermeesters in Christus hê, baie (geestelike) vaders het julle nie. In Christus Jesus het ek julle deur die verkondiging van die evangelie (geestelik) *verwek*" (ANV is ek in Christus Jesus julle vader) (1 Korintiërs 4:15). Paulus het hul geestelike vader geword toe hulle die evangelie wat hy aan hulle verkondig het, geglo het.

Die woord word gebruik van die geestelike invloed van die Heilige Gees op mense. Wanneer mense in Jesus Christus gaan glo, word hulle "*uit God gebore*" (Grieks: ek theou egennéthésan)(Johannes 1:13; 1 Johannes 2:29; 3:9; 4:7; 5:1,4,18); of word hulle "*opnuut gebore*" of "*van bo af gebore*" (Grieks: gennéthé anóthen) (Johannes 3:3); of word hulle "*uit water en Gees gebore*" (Grieks: gennéthé eks hudatos kai pneumatós)(Johannes 3:5). God die Heilige Gees is die Oorsprong en Oorsaak van hul geestelike wedergeboorte. "Elkeen wat glo dat Jesus die Christus is, is uit God gebore (Grieks: ek tou theou gegennétai, voltooië teenwoordige tyd) (ANV: is 'n kind van God) (1 Johannes 5:1a). "En elkeen wat die Verwekker (van nuwe lewe) (Grieks: gennésanta) (ANV: die Vader) liefhet, het ook die lief wat uit Hom gebore is (Grieks: ton gegennémenon eks autou, enkelvoud in die voltooië teenwoordige tyd) ANV: wat kinders van die Vader is) (1 Johannes 5:1b). Dit kan 'n verwysing wees na Jesus Christus (die Eniggebore Seun van God), maar meer waarskynlik is dit 'n verwysing na 'n Christen broeder ('n kind van God) (vgl. 1 Johannes 2:9-10).

(5) "Gennaó" beteken "geboorte skenk" of "moeder word" in 'n geestelike (of figuurlike) sin.

Die woord word gebruik van die geestelike invloed van die Wet voor die eerste koms van Jesus Christus na die aarde. "Abraham het twee seuns gehad, een by 'n slavin en een by 'n vrygeborene. Sy seun by die slavin is volgens die vlees *verwek (gebore)* (Grieks: kai sarka gegennétai, voltooië teenwoordige tyd)(ANV: is volgens die loop van die natuur verwek en gebore), maar sy seun by die vrygeborene kragtens 'n belofte van God. 'n Mens moet dit figuurlik verstaan. Die twee vroue staan vir twee verbonde. Die een is by Sinaiberg gesluit en *skenk geboorte* (Grieks: gennósa, voltooië

teenwoordige tyd) aan slawe (ANV: bring slawe voort). Dié verbond is Hagar. Hagar staan vir Sinaïberg in Arabië, en dit is 'n beeld van die huidige Jerusalem, want Jerusalem en sy kinders is slawe" (Galasiërs 4:24-25; Galasiërs 3:21-23).

(6) "Gennaó" beteken deur God verklaar en deur mense erken as die Seun van God in metafisiese, ontologiese sin.

Die woord word gebruik van die invloed van die Heilige Gees op Jesus Christus by sy opstanding, hemelvaart en troonsbestyging. Van hierdie gebeurtenis sê God, "Jy is my Seun, vandag (ANV: van vandag af) het Ek jou verwek (Grieks: gegennéka, voltooide teenwoordige tyd) (ANV: is Ek jou Vader)", en ook: "Ek sal (Grieks: esomai, toekomstige tyd druk die absolute sekerheid uit) sy Vader wees, en Hy sal (Grieks: estai, toekomstige tyd druk absolute sekerheid uit) my Seun wees" (Hebreeërs 1:5; Psalm 2:7).

"Vandag" (Grieks: sémeron) verwys na *die begin van die uitoefening van die goddelike gesag en mag* van die Seun van God in die hemel en op die aarde en *die begin van sy aanwysing deur God en sy erkenning (belydenis) deur mense* dat Hy die Seun van God is aan wie God alle mag in die hemel en op die aarde gegee het (Matteus 28:18; Romeine 1:4; Openbaring 1:5-6). Jesus Christus is van alle ewigheid (Johannes 17:1-5) en vóór sy eerste koms na die aarde (Johannes 3:16; Hebreeërs 1:6) "die Seun van God", maar begin eers om sy soewereine almag uit te oefen nadat Hy versoening vir sondes gedoen het.

Tweedens: word die Griekse woord vir "eniggebore" uitgelê. Die Griekse woord "monogenés" word op drie maniere gebruik.

In Johannes 1:18 verwys hierdie woord nie na enigiets wat verwant is aan die menslike wêreld nie! Dit verwys NIE na enige begin in die verlede nie. Dit is 'n woord wat die seunskap van Jesus Christus in 'n trinitariese bestaanswyse beskryf

(1) Eniggebore Seun kan NIE verwys na 'n begin van die menslike natuur van Jesus nie.

Die woord "eniggebore" kan nie 'n verwysing wees na Jesus Christus as die biologies verwekte seun van God nie, omdat Jesus Christus al die Seun van God is vóórdat Hy die menslike natuur aangeneem het (Johannes 3:16)! Die woord "eniggebore" hou dus hoegenaamd geen verband met die geskape wêreld nie! Die Eniggebore Seun van God staan bo die skepping!

(2) Eniggebore Seun kan NIE verwys na die begin van die amp van Jesus as Messias nie.

Die woord "eniggebore" is nie afgelei van die woorde "enige" of "alleen" (Grieks: monos) of "generasie" (Grieks: genos, wat weer afgelei is van die woord "gebore word") (Grieks: ginomai) nie, omdat Jesus Christus absoluut uniek is onder alle mense in die menslike geslag. Jesus is "God" (Johannes 1:1) en Hy is "die Eniggebore God" (Johannes 1:18 in die beste Griekse handskrifte). En omdat God ewig is, kan die woord "eniggebore" nooit verwys na iets wat 'n begin gehad het nie! Die taak van Jesus Christus as die Messias in die menslike geskiedenis het 'n *begin* gehad by sy geboorte (Matteus 1:16) en sal 'n *einde* hê by sy wederkoms (1 Korintiërs 15:28). Daarom kan die woord "eniggebore" nie verwys na sy amp as die Messias nie, want daardie amp is gebonde aan die tyd. Die Eniggebore Seun is egter bo die tyd!

(3) Eniggebore Seun kan alleen verwys na die feit dat Jesus Christus die trinitariese Seun van God is.

Omdat die woord "eniggebore" verwys na iemand bo die skepping (Hy bestaan vóór die begin van die skepping) en bo die tyd (Hy bestaan voor die begin van die geskiedenis), kan die woord alleen 'n unieke betekenis hê! Jesus Christus is uniek in sy soort! Hy is die Enige in sy kategorie! Daarom vertaal die ANV die woord met 'enigste' (NIV: the One and Only). Die woord "eniggebore" kan alleen verwys na die metafisiese, ontologiese, trinitariese en ewige seunskap van Jesus Christus, na die tweede bestaanswyse en daarom na die tweede openbaringswyse van die Goddelike Wese (vgl. Johannes 1:1; Romeine 9:5; Kolossense 2:9; Titus 2:13; Hebreeërs 1:8; 1 Johannes 5:20; Openbaring 1:8,17-18; Openbaring 2:8; Openbaring 22:13).

Derdens: word die teologiese begrip "Drie-eenheid" uitgelê.

10. Die Drie-eenheid.

(1) God kan alleen heeltemal geken word deur Jesus Christus.

Daar is geen mens of godsdienst wat God die Vader ken behalwe Jesus Christus en Christene! "Ook ken niemand die Vader nie, behalwe die Seun en elkeen aan wie die Seun Hom wil bekend maak" (Matteus 11:27; Johannes 10:15; Johannes 17:25-26)!

Daarom staan of val elke mens m.b.t. sy of haar verhouding tot Jesus Christus, de Seun van God! "Wie My ontvang, ontvang Hom wat My gestuur het" (Matteus 10:40). "En wie wie My verwerp, verwerp Hom wat My gestuur het" (Lukas 10:16). "Hierdie Kindjie is bestem tot 'n val en 'n opstanding van baie in Israel en tot 'n teken wat weerspreek sal word" (Lukas 2:34). "Daarom staan daar in die Skrif: Kyk, Ek lê in Sion 'n hoekklip, uitverkies vir die ereplek. Wie in Hom glo word nooit teleurgestel nie. Julle wat glo, deel in hierdie eer, maar vir die wat nie glo nie, geld die woorde: Die klip wat deur die bouers afgekeur is, juis hy het die belangrikste klip in die gebou geword" en: "'n Klip waaroor 'n mens struikel en 'n rots waarteen jy jou stamp" (1 Petrus 2:6-8)!

(2) God het drie bestaanswyses.

Daar is alleen één Goddelike Wese (Markus 12:29) met één Naam in die enkelvoud (Matteus 28:19). Hy openbaar Homself in die Bybel in drie bestaanswyses: as God die Vader, as God die Seun en as God die Heilige Gees (Matteus 28:19; 1 Korintiërs 8:6; Efesiërs 4:3-6). Hyself openbaar aan ons dat daar in die eenheid van die Goddelike Wese 'n innerlike onderskeiding bestaan. Dit gaan bo alle menslike vermoë om dit te begryp of te beskrywe, maar eis gehoorsame onderwerping aan God se Selfopenbaring in die Bybel. Van alle ewigheid bestaan God, die Vader, die Seun en die Heilige Gees in 'n unieke verhouding tot mekaar waarin hul unieke innerlike verhouding tot mekaar onderskei kan word.

Die woord 'drie-eenheid' of 'triniteit' is nie 'n Bybelse woord nie, maar 'n teologiese woord wat uitdrukking gee dat Christene glo dat God één Goddelike Wese met drie bestaanswyses is wat nie van mekaar geskei kan word nie, maar wel van mekaar onderskei kan word. Vroeër het Christene hierdie innerlike onderskeidings "Persona" genoem, maar in moderne tale het die woord *persoon* die betekenis van 'n *individu* gekry en dus kan ons beter hierdie woord nie meer gebruik nie.

In die oorspronklike Grieks word die woord "hupostasis" gebruik om die bestaanswyse van die Goddelike Wese uit te druk en dit beteken: "weselike natuur", "essensie", "werklike wese". "Jesus Christus is die Afdruk of Ewebeeld (Grieks: karakter) van die Wese (Grieks: hupostasis) van God" (Hebreërs 1:3; vgl. Kolossense 2:9). Die drie bestaanswyses van die Goddelike Wese het drie openbaringswyses in die skepping en in die menselike geskiedenis op die aarde:

- God die Vader in die hemel
- God die Seun in die hemel en God met ons op die aarde (Johannes 17:5)
- en God die Heilige Gees in Christene en in die Christelike Gemeente op die aarde

'n Menslike persoon is in sy bestaanswyse nie liefde nie, maar kan 'n ander (naamlik: God of sy medemens) liefhê. Maar God in sy drie bestaanswyses het nie alleen lief nie, maar is in sy hele wese liefde (1 Johannes 4:8). Die Vader het die Seun lief (Lukas 3:22) en die Seun het die Vader lief (Johannes 14:32) en die Gees wat uit die Vader (Johannes 15:26) en uit die Seun voortkom (Lukas 24:49), is in alle ewigheid die band wat hierdie verhouding van liefde tussen die bestaanswyses van God tot volmaakte eenheid saambind (vgl. Galasiërs 5:22; Kolossense 3:14).

- Op dieselfde manier ken die drie bestaanswyses van die één Goddelike Wese mekaar volledig met dieselfde kennis (Matteus 11:27; Johannes 10:15)
- pleeg oorleg met mekaar en spreek uit één mond (Johannes 5:30; 8:28; 12:49; 14:10; 16:13),
- werk as één (Johannes 5:17; Johannes 14:10)
- heers vir ewig as één (Openbaring 11:15; Openbaring 12:10)
- het lewe in hulself (Johannes 5:26)
- en maak die geestelike dooie mense weer levend (Johannes 5:21).

Die Bybel spreek nooit oor God en Jesus Christus as twee geskeie gode, maar as één Goddelike Wese met drie bestaanswyses en dus drie openbaringswyses.

(3) God die Vader, God die Seun en God die Heilige Gees is één God.

Christene word met water gedoop "in die naam van die Vader en van die Seun en van die Heilige Gees" (Matteus 28:19). Die woord: "Naam" beteken dat God is soos Hy Homself (in die Bybel) geopenbaar het en die enkelvoud openbaar dat daar maar één unieke Goddelike Wese is (Deuteronomium 6:4) (en NIE drie gode nie). Die woorde "van die Vader en van die Seun en van die Heilige Gees" dui aan dat daar 'n innerlike onderskeiding is in die eenheid van die Goddelike Wese. Dit is nie alleen 'n aanduiding dat God drie *openbaringswyses* het nie, maar dat God drie *bestaanswyses* het! God is of bestaan soos Hy Homself in sy Naam geopenbaar het!

(4) God die Vader, God die Seun en God die Heilige Gees het onderskeidende funksies:

- **God as die Vader** is die ewige God van die Bybel, die Skepper, die Oorsprong en Bron van alles en almal. Hy bepaal die bestemming van alles en almal. "Uit Hom en deur Hom en tot Hom is alle dinge. Aan Hom behoort die heerlijkheid tot in ewigheid! Amen" (Romeine 11:36). Hij is die Oorsprong van die skepping, van die openbaring en van die herskepping. As Vader is Hy die Hoof van sy familie in die hemel en op die aarde (Efesiërs 3:14-15), Die Een met wie elkeen van sy geestelike kinders 'n vertroulike verhouding het: "Ons Vader wat in die hemel is" (Matteus 6:9-13).
- **God as die Seun** is die ewige God van die Bybel wat sonder om sy goddelike wese neer te lê, die menslike natuur daarby aangeneem het en so sy skepping en die menslike geskiedenis deur die maagd Maria binnegetree het (Filippense 2:6-7; Kolossense 2:9). Hy is "God met ons" (Jesaja 7:14; Matteus 1:23). Hy is "die Woord van God" wat Homself in die skepping en in die menslike geskiedenis geopenbaar het (Johannes 1:1,14,18). Hy is "die Gees van God" (2 Korintiërs 3:17; 1 Petrus 1:11) wat by en in Christene woon (Johannes 14:16-18). Volgens die vierde oecumeniese Synode (wêreldwye byeenkoms) van Chalcedon (451 n.C.) is die goddelike en menslike nature van Jesus Christus "ongemengd, onveranderd, ongedeelde en onafskeidelik verenig". God die Seun is in almag (Johannes 1:3; 5:21,27), in alwetendheid (Matteus 11:27), in eer (Johannes 5:23), in besit van lewe in Homself (Johannes 5:26), in werk (Johannes 10:30), in besittings (Johannes 16:15), ens. gelyk aan God die Vader. Jesus Christus is tot

die dood veroordeel omdat Hy aanspraak gemaak het dat Hy die Seun van God is (Johannes 10:30,33; Matteus 26:63-66).

- **God as die Gees** is de ewige God van die Bybel wat op die aarde in die harte en lewens van Christene (Romeine 8:9-10; 1 Korintiërs 6:19-20) en in die Christelike Gemeente (Efesiërs 2:19-22) woon.

'n Baie beperkte illustrasie is “die son”. Die son is essensieel één substansie, maar het drie onderskeidende openbaringswyses: die son bestaan as “vuur”, is sigbaar as “lig” en word gevoel as “warmte”. So is daar maar één Goddelike Wese, wat Homself sigbaar geopenbaar het in Jesus Christus en onsigbaar ervaar word as die Heilige Gees. Maar hierdie illustrasie is beperk omdat dit alleen drie openbaringswyses het, maar nie drie bestaanswyses nie, omdat die son deel is van die geskape werklikheid wat beperk is tot die dimensies van materie, ruimte en tyd en God nie beperk word tot hierdie dimensies nie!

(5) Jesus Christus en die Heilige Gees word “God” genoem.

Omdat God die Vader, God die Seun en God die Gees één en dieselfde goddelijke wese en natuur het, word Jesus Christus “God met ons” (Matteus 1:23), “die Seun van God” (Matteus 26:63-64) en selfs “God” genoem (Jesaja 9:5; Johannes 1:1; Romeine 9:5; Titus 2:13; Hebreërs 1:8-9). Daarom word die Heilige Gees ook “die Gees van God”, “die Gees van Christus”, “Christus in julle” (Romeine 8:9-10) en selfs “God” (Handelingen 5:3,5) genoem.

Konklusie. Die uitdrukking “Seun van God” kan alleen verwys na die seunskap van Jesus Christus wat geen begin het nie. Jesus Christus is die Seun van God in metafisiese, ontologiese, trinitariese en ewige sin.

11. Jesus Christus noem Homself “die Seun van die Mens”.

A. Mense as seuns van 'n mens.

In die Ou Testament beteken die uitdrukking “seun van die mens” (ANV: mensekind) gewoon 'n mens (Psalm 8:4). Dit verwys na die mens met al sy swakhede en afhanklikheid, soos die profeet Esegïel (Esegïel 2:1,3,6,8; en 3:1,3,4,10,17,25, ens.

So beteken die uitdrukking “seuns van onreg” (2 Samuel 3:34) “misdadigers”. “Seun van 'n vreemdeling” (Hebreeus: ben-nekar¹³)(Eksodus 12:43) beteken “'n vreemdeling, 'n nie-Jood, 'n heiden”. “Seuns van die donder” (Grieks: huioi brontés)(Markus 3:17) beteken “opvlieënde mense”. En “dogters van 'n lied” (Hebreeus: benot- ha-shir)(Prediker 12:4) beteken “musieknote” (ANV 'n lied) wat verstom of “sangeresse” wat neergebuig word.

B. Christus is die Seun van die mens.

(1) Die beskrywing: “seun van 'n mens” (ANV: “iemand soos 'n menslike wese”) in Daniël 7:9-14 word die titel (naam van sy beroep of funksie) van die Messias in die vier Evangelies.

Behalwe in Johannes 12:34, is hierdie uitdrukking altyd 'n titel waarmee Jesus Homself aandui. Vergelyk Matteus 26:64 met Daniël 7:13. Alleen Stefanus praat oor Jesus as die Seun van die mens wat hy aan die regterhand van God sien staan (Handelingen 7:56). Nêrens anders word Jesus met hierdie titel deur ander mense aangedui nie. Ook Openbaring 1:13 en Openbaring 14:14 pas die titel “Seun van die mens” toe op Jesus Christus in sy funksie as Messias, die Middelaar van verlossing en van oordeel.

(2) De titel “Seun van die mens” is 'n aanduiding van die vernedering van Jesus Christus.

Hy het geen rusplek of permanente blyplek nie (Matteus 8:20), Hy sal aan die Joodse godsdiensteikers oorgelewer word en ter dood veroordeel word. Hy sal ook aan die heidense politieke leiers oorgelewer word, bespot, gezesel en gekruisig word (Matteus 20:18-19) en begrawe word (Matteus 12:40).

(3) De titel “Seun van die mens” is 'n aanduiding van die verhoging van Jesus Christus.

Hy sal op die derde dag uit die dood opgewek word (Matteus 20:19). 'n Lang tyd na sy hemelvaart sal Hy sigbaar terugkeer in die heerlijkheid van sy Vader, saam met sy engele en dan sal Hy vanaf sy koninklike troon (Matteus 25:31; Matteus 26:64) “elkeen volgens sy dade vergeld” (Matteus 16:27; Matteus 24:27,30,44).

(4) Die titel “Seun van die mens” is 'n aanduiding van die verlossingswerk van Jesus Christus.

Hij is “die Here oor die sabbat” wat mense bevry van die slawerny aan die Wet (Matteus 12:8). Hy het gesag om sondes te vergewe (Matteus 9:6). Hy het na die wêreld gekom om sy lewe as 'n losprys vir baie mense te gee (Matteus 20:28). Hy het gekom om te soek en te red wat verlore is (Lukas 19:10).

(5) Die titel “Seun van die mens” help Jesus Christus om Homself geleidelik aan die Jode te openbaar.

As Hy Homself onmiddellik as die Messias aan mense voorgestel het, sou hulle Hom nie aanvaar het nie. Maar nou begin die Jode te vra, “Wie is die seun van die mens?” (Johannes 12:34).

So daag Jesus Christus ons vandag ook uit, “Wat dink julle van die Christus (= die Messias). Wie se seun is Hy?” (Matteus 22:42).

¹³ Vgl. afleiding: nigger